(8) Subject to the provisions of this regulation, the salary of an employee or temporary employee to whom a salary increment has been granted in terms of subregulation (4) (b), subregulation (5) (b) or subregulation (6) shall, at the expiry of each further incremental period, be increased by one salary increment within the limits of the scale applicable.

PAYMENT OF EMOLUMENTS

18. (1) Emoluments due to an employee or temporary employee shall be made on a date and in a manner to be decided by a council: Provided that when an employee or temporary employee leaves the service of the council his emoluments and other moneys owed to him by the council, minus authorised deductions or dues to the council, must be paid to him within a reasonable period but not exceeding 14 days after he has left the service of the council.

(2) A council shall deduct each month from the emoluments such amounts, subscriptions, instalments on loans and any other moneys that an employee or temporary employee owes to the council or that are to be deducted from his emoluments by law or as approved by the council on request of an employee or temporary employee and shall pay such moneys without delay to the person or body concerned.

CESSION OF EMOLUMENTS PROHIBITED

19. No employee or temporary employee shall without the written approval of a council cede the whole or any part of any salary or allowance payable to him.

SALARY UPON UPGRADING OF A POST

20. An employee or temporary employee who occupies a post that has been upgraded or classified in a higher salary grade will not by reason of such upgrading or classification into a higher salary grade necessarily be entitled to such higher salary attached to the post.

SALARY UPON DOWNGRADING OF A POST

21. An employee or temporary employee who occupies a post that has been downgraded or has been classified in a lower salary grade will retain his salary and his salary scale as a personal salary and salary scale for as long as he occupies the post concerned.

OFFICIAL HOURS OF ATTENDANCE

22. (1) Notwithstanding any provisions to the contrary contained in these regulations the supervisor may require an employee or temporary employee to perform official duty on any day of the week or at any time during the day or night or to attend at his normal place of work or elsewhere for such duty.

(2) Subject to the provisions of subregulation (1) and of regulation 24 an employee or temporary employee shall be present for duty at his normal place of work as determined from time to time by a council: Provided that the council may determine separate official hours of attendance for different classes or groups of employees, or for individuals within such classes or groups, or for divisions, branches or offices.

eienskappe in subregulasie (2) genoem, gedurende sodanige tydperk bevredigend was: Met dien verstande voorts dat slegs een salarisverhoging aan sodanige werknemer of tydelike werknemer toegestaan kan word as sy salaris reeds gelyk is aan die voorlaaste kerf van die toepaslike skaal.

(7) Indien 'n salarisverhoging nie kragtens subregulasie (4) (b), (5) (b) of (6) aan 'n werknemer of tydelike werknemer toegestaan word nie, tree die bepalings van subregulasie (2), (3), (4), (5) en (6) *mutatis mutandis* opnuut in werking.

(8) Behoudens die bepalings van hierdie regulasie, word die salaris van 'n werknemer of tydelike werknemer aan wie 'n salarisverhoging kragtens subregulasies (4) (b), (5) (b) of (6) toegestaan is, by die verstryking van elke verdere salarisverhogingstydperk verhoog met een salarisverhoging binne die perke van die skaal wat van toepassing is.

BETALING VAN EMOLUMENTE

18. (1) Emolumente verskuldig aan 'n werknemer of tydelike werknemer, word betaal op die dag en wyse wat 'n raad bepaal: Met dien verstande dat, wanneer 'n werknemer of tydelike werknemer uit die diens van die raad tree, sy emolumente en ander gelde deur die raad aan hom verskuldig, min gemagtigde aftrekings of bedrae deur hom aan die raad verskuldig, binne 'n redelike tydperk, maar hoogstens 14 dae daarna, aan hom betaal word.

(2) 'n Raad trek maandeliks sodanige bedrae, ledegelede, paaiemente op lenings en enige ander gelde wat 'n werknemer of tydelike werknemer aan die raad verskuldig is of wat by wet afgetrek moet word of wat die raad op versoek van 'n werknemer of tydelike werknemer goedkeur, van sy emolumente af en betaal dit onverwyld aan die betrokke instansie.

SESSIE VAN EMOLUMENTE VERBODE

19. Geen werknemer of tydelike werknemer mag sonder die skriftelike goedkeuring van 'n raad die geheel of 'n gedeelte van enige salaris of toelae wat aan hom betaalbaar is, sedeer nie.

SALARIS BY OPGRADERING VAN POS

20. 'n Werknemer of tydelike werknemer wat 'n pos beklee wat opgegrader of ingedeel word in 'n hoër salarisskaal, is nie bloot uit hoofde van sodanige opgradering of indeling op die hoër salaris wat op sodanige pos van toepassing is, geregtig nie.

SALARIS BY AFGRADERING VAN POS

21. 'n Werknemer of tydelike werknemer wat 'n pos beklee wat afgegrader word of ingedeel word in 'n laer salarisskaal, behou sy salaris en salarisskaal as 'n persoonlike salaris en salarisskaal vir solank hy die betrokke pos beklee.

AMPTELIKE DIENSURE

22. (1) Ondanks andersluidende bepalings in hierdie regulasies vervat, kan die toesighouer van 'n werknemer of tydelike werknemer vereis dat hy op enige dag van die week of enige tyd van die dag of die nag amptelike diens verrig of dat hy by sy normale werkplek of elders aanwesig moet wees vir sodanige diens.

(2) Behoudens die bepalings van subregulasie (1) en van regulasie 24, moet 'n werknemer of tydelike werknemer by sy normale werkplek vir diens aanwesig wees gedurende amptelike diensure soos deur 'n raad van tyd tot tyd bepaal: Met dien verstande dat die raad verskillende amptelike diensure vir verskillende klasse of groepe werknemers, of vir individue binne sodanige klasse of groepe, of vir afdelings, takke of kantore kan bepaal.

(3) A council shall determine the meal break of an employee or temporary employee or classes or groups of employees: Provided that a meal break falling within the official hours of attendance prescribed in terms of the provisions of these regulations shall not be reckoned as official duty for the completion of the working week.

(4) An employee or temporary employee—

- (a) shall, during his official hours of attendance, give his full attention to the duties entrusted to him; and
- (b) shall not without the consent of his supervisor be absent from his office or place of work during his official hours of attendance.

ATTENDANCE REGISTER

23. (1) An employee or temporary employee who occupies a supervisory position shall be responsible for the observance by the staff under his control of the prescribed hours of attendance.

(2) An attendance register shall be kept in which an employee or temporary employee shall personally record the time of his arrival at and departure from his place of work: Provided that the provisions of this subregulation shall not be applicable to—

(a) an employee or temporary employee who is remunerated in accordance with a salary scale the maximum notch of which exceeds the maximum notch of the salary scale determined by a council; and

(b) an employee or temporary employee who serves under circumstances which in the opinion of a council render the keeping of a register of his attendance impracticable or undesirable; in such event the council shall make such other arrangements as it may consider adequate to ensure that the prescribed official hours of attendance are observed.

(3) The attendance register shall be kept by an employee or temporary employee in a supervisory capacity whose duty it shall be to—

(a) ensure that the attendance register is accessible to members of the staff for the purpose mentioned in subregulation (2) and then only during such limited periods at the commencement and conclusion of the day's duties as may be indicated by the council;

(b) ensure that only authentic records of times of arrival and departure are made by the employees mentioned in subregulation (2);

(c) examine the entries made in the attendance register;

(d) report any irregularity to the employee appointed by the council; and

(e) ensure that recorded absences are covered by leave.

WORKING WEEKS

24. (1) Subject to the provisions of regulation 22 a council shall decide, with due regard to the public interest, which employees or temporary employees, or classes or groups of employees, sections, branches or offices shall observe a five-day working week or otherwise, and the council may prescribe different working weeks for different classes or groups of employees, or for individuals within such classes or groups or for sections, branches or offices.

(2) The minimum hours of service for an employee or temporary employee shall be determined by a council: Provided that the council may determine different hours of service for different classes or groups of employees: Provided further that the total number of hours do not exceed 48 hours per week.

(3) 'n Raad bepaal die etenspouse van 'n werknemer of tydelike werknemer of klasse of groepes werknemers: Met dien verstande dat 'n etenspouse wat binne die amptelike diensure val wat kragtens die bepalings van hierdie regulasie voorgeskryf is, nie as amptelike dienstyd vir die voltooiing van die werkweek gereken word nie.

(4) 'n Werknemer of tydelike werknemer—

(a) moet gedurende sy amptelike diensure sy volle aandag wy aan die pligte wat aan hom toevertrou is; en

(b) mag nie gedurende sy amptelike diensure sonder toestemming van sy toesighouer van sy kantoor of werkplek afwesig wees nie.

BYWONINGSREGISTER

23. (1) 'n Werknemer of tydelike werknemer wat 'n toesighoudende posisie beklee, is verantwoordelik vir die na-koming deur die personeel onder sy beheer van die voor-geskreve amptelike diensure.

(2) 'n Bywoningsregister word gehou waarin 'n werknemer of tydelike werknemer persoonlik die tyd van sy aankoms by en vertrek van sy werkplek aanteken: Met dien verstande dat die voorskrifte van hierdie subregulasie nie van toepassing is nie op—

(a) 'n werknemer of tydelike werknemer wat besoldig word volgens 'n salarisskaal waarvan die maksimum kerf hoër is as die maksimum kerf van die salarisskaal deur 'n raad bepaal; en

(b) 'n werknemer of tydelike werknemer wat onder omstandighede dien wat, na 'n raad se mening, die hou van 'n register van sy bywoning ondoenlik of onwenslik maak, en in sodanige geval tref die raad sodanige ander reëlings as wat die raad geskik ag ten einde te verseker dat die voorgeskrewe amptelike diensure nagekom word.

(3) Die bywoningsregister word gehou deur die werknemer of tydelike werknemer wat 'n toesighoudende posisie beklee, en dit is sy plig om—

(a) toe te sien dat die bywoningsregister beskikbaar is vir lede van die personeel onder sy beheer vir die doel in subregulasie (2) genoem, en dan slegs gedurende sodanige beperkte tye aan die begin en aan die einde van die dag se werkzaamhede as wat deur die raad aangedui word;

(b) toe te sien dat slegs outentieke aantekenings van aankoms en vertrek gemaak word deur die werknemers in subregulasie (2) bedoel:

(c) die aantekenings in die bywoningsregister na te gaan;

(d) enige onreëlmaturheid te rapporteer aan 'n werknemer deur die raad aangewys; en

(e) toe te sien dat aangetekende gevalle van afwesigheid deur verlof gedeke word.

WERKWEKE

24. (1) Behoudens die bepalings van regulasie 22, besluit 'n raad, met behoorlike inagneming van die openbare belang, watter werknemers of tydelike werknemers of klasse of groepes werknemers, afdelings, takke of kantore 'n vyf-dagse werkweek of andersins moet nakom, en kan die raad verskillende werkweke vir verskillende klasse of groepes werknemers, of vir individue binne sodanige klasse of groepes, of vir afdelings, takke of kantore voorskryf.

(2) Die minimum getal diensure vir 'n werknemer of tydelike werknemer word deur 'n raad bepaal: Met dien verstande dat die raad verskillende getalle diensure vir verskillende klasse of groepes werknemers kan bepaal: Met dien verstande voorts dat die getal diensure nie 48 uur per week oorskry nie.

(3) Where the official hours of attendance determined for an employee or temporary employee fall wholly or partially during the night the working week of such employee or temporary employee shall, for the purpose of calculating overtime duty, be reduced by one-sixth of whatever portion of the hours of attendance falls during the night: Provided that the provisions of this subregulation shall not be applicable to employees or temporary employees falling into a class whose conditions of service require the performance of night duty.

(4) (a) If an employee or temporary employee, during the official hours of attendance applicable in his case, is absent from duty as a result of leave granted or as a result of other circumstances which are acceptable to a council, he shall be regarded as having been on duty during such absence for the purpose of the completion of his working week.

(b) The official hours of attendance that have been determined for an employee or temporary employee in respect of a particular day in or in terms of the provisions of these regulations and that—

- (i) fall on a public holiday, in the case of an employee or temporary employee who does not normally work on such day; or
 - (ii) in the case of an employee or temporary employee who normally works on a public holiday, fall on any other day on which he may be relieved from duty in lieu of such public holiday;
- shall be included for the purposes of the completion of his working week.

OVERTIME DUTY AND OVERTIME REMUNERATION

25. (1) If a supervisor of an employee or temporary employee requires him, in terms of regulation 22 (1), to perform overtime duty that entails exceeding the official hours of attendance, such employee or temporary employee may be paid a non-pensionable overtime remuneration in respect thereof at the following tariffs:

(a) *In respect of overtime duty on a Sunday, public holiday and a day of rest in the case of an employee or temporary employee who works on a Sunday*—double the hourly equivalent of the annual remuneration of the employee concerned;

(b) *in respect of overtime duty on a day other than a day mentioned in paragraph (a)*—one and one-third times the hourly equivalent of the annual remuneration of the employee or temporary employee concerned;

Provided that instead of the payment of overtime remuneration to the employee or temporary employee a council may grant special leave on full pay to an employee or temporary employee for such corresponding periods, at such times as the exigencies of the service may permit, or it may decide that the overtime, calculated in units of full working days, be added to the employee or temporary employee's vacation leave.

(2) In calculating overtime service performed by an employee or temporary employee—

(a) a period of overtime duty of less than one hour continuous with the official working hours which apply to the employee or temporary employee concerned shall not be taken into account;

(b) a period of overtime duty of less than one hour which is not continuous with the official working hours of the employee or temporary employee concerned shall be taken as one hour;

(c) subject to the provisions of paragraphs (a) and (b) a part of an hour shall be taken as an hour if it is half an hour or longer and shall not be taken into account if it is less than half an hour.

(3) Waar die amptelike diensure wat vir 'n werknemer of tydelike werknemer bepaal is, in die geheel of gedeeltelik gedurende die nag val, moet sodanige werknemer of tydelike werknemer se werkweek vir doeinde van die berekening van oortyddiens verminder word met een sesde van die gedeelte van sodanige diensure wat gedurende die nag val: Met dien verstande dat die bepalings van hierdie subregulasie nie van toepassing is nie op 'n werknemer of tydelike werknemer wat in 'n klas val waarvan die diensvoorraarde nagdiens vereis.

(4) (a) Indien 'n werknemer of tydelike werknemer gedurende die amptelike diensure wat op hom van toepassing is, van diens afwesig is as gevolg van verlof toegestaan of weens ander omstandighede wat vir 'n raad aanneemlik is, word hy, vir doeinde van die voltooiing van sy werkweek, geag gedurende sodanige afwesigheid diens te gedoen het.

(b) Die amptelike diensure wat ten opsigte van 'n bepaalde dag of kragtens die bepalings van hierdie regulasies vir 'n werknemer of tydelike werknemer bepaal is en wat—

- (i) in 'n openbare feesdag val, in die geval van 'n werknemer of tydelike werknemer wat nie normaalweg op sodanige dag werk nie; of

- (ii) in die geval van 'n werknemer of tydelike werknemer wat normaalweg op 'n openbare feesdag werk, in sodanige ander dag val as wat hy normaalweg in plaas daarvan diens vrygestel is; word ingerekken vir doeinde van hierdie voltooiing van sy werkweek.

OORTYDDIENS EN OORTYDBESOLDIGING

25. (1) As die toesighouer kragtens regulasie 22 (1) van 'n werknemer of tydelike werknemer vereis dat hy oortyddiens verrig wat 'n oorskryding meebring van sy amptelike diensure, word nie-pensioendraende oortydbesoldiging aan sodanige werknemer of tydelike werknemer ten opsigte daarvan teen die volgende tariewe betaal:

(a) *Ten opsigte van oortyddiens op 'n Sondag, openbare feesdag, en 'n rusdag in die geval van 'n werknemer of tydelike werknemer wat op Sondae werk*—twee maal die urlukse ekwivalent van die betrokke werknemer of tydelike werknemer se jaarlikse besoldiging;

(b) *Ten opsigte van oortyddiens op 'n ander dag as 'n dag in paragraaf (a) bedoel*—een en 'n derde maal die urlukse ekwivalent van die betrokke werknemer of tydelike werknemer se jaarlikse besoldiging:

Met dien verstande dat, in plaas van oortydbesoldiging aan 'n werknemer of tydelike werknemer te betaal, 'n raad aan 'n werknemer of tydelike werknemer spesiale verlof met volle besoldiging vir die ooreenstemmende tyd kan toestaan wanneer die diens van die raad dit toelaat, of sodanige oortyddiens in hoeveelhede van volle werkdae tot die krediet van die werknemer of tydelike werknemer se vakansieverlof aanteken.

(2) By die berekening van die oortyddiens deur 'n werknemer of tydelike werknemer verrig, word—

(a) 'n tydperk van oortyddiens van korter as 'n uur wat aaneenlopend is met die amptelike diensure wat vir die betrokke werknemer of tydelike werknemer bepaal is, buite rekening gelaat;

(b) 'n tydperk van oortyddiens van korter as 'n uur wat nie aaneenlopend is nie met die amptelike diensure wat vir die betrokke werknemer of tydelike werknemer bepaal is, as een uur gereken;

(c) behoudens die bepalings van paragrawe (a) en (b), 'n gedeelte van 'n uur as een uur gereken indien dit 'n halfuur of langer is en buite rekening gelaat indien dit korter as 'n halfuur is.

STAND-BY DUTY AND PAYMENT THEREFOR

26. (1) A supervisor may, subject to the instructions of a council, instruct an employee or temporary employee under his control to perform stand-by duty for such times outside his normal working hours as may be determined by such supervisor.

(2) An employee or temporary employee who performs stand-by duty will be remunerated therefor at the tariff fixed by the council concerned for such class or group of employees.

APPLICABILITY OF LEAVE REGULATIONS

27. Regulations 28 up to and including 49 shall be applicable to all employees or temporary employees: Provided that such regulations, in the case of employees or temporary employees whose conditions of service have been determined in accordance with the provisions of industrial or similar agreements, are applicable only to the extent to which it has been expressly determined that they are applicable to such employees or temporary employees; otherwise the leave privileges of such employees or temporary employees shall be determined by the council concerned.

LEAVE APPLICATION FORMS, GRANTING AND WITHDRAWAL OF LEAVE AND UNAUTHORISED ABSENCES FROM DUTY

28. (1) (a) Application for leave shall be made in writing on a form substantially in the form determined by a council.

(b) The form of the certificate of indisposition which is to serve support of an application for sick leave shall be substantially in the form determined by the council.

(2) (a) The granting of all leave of absence shall be subject to approval by the council.

(b) Leave already granted may at any time be withdrawn by the council and in such case the council may compensate the employee or temporary employee for any irrecoverable expenses incurred by him in respect of a vacation after having been informed that his application for leave had been approved and before being informed of such withdrawal, or commitments incurred by him as a result of a vacation during such period and if such employee or temporary employee has to travel to resume his duties, the council shall make an *ex gratia* payment, the amount to be determined by the council, to the employee or temporary employee in respect of expenses incurred by him in respect of such journey and he shall be considered to be on duty during such journey.

(c) With the exception of sick leave, leave of absence shall be granted only with due regard to the needs of a council.

(d) A council may, if so requested in writing by an employee or temporary employee, withdraw granted vacation leave, except for holiday leave referred to in regulation 32.

(3) Except where an employee or temporary employee is suspended from service or, as a result of sudden illness or other circumstances acceptable to council concerned, is prevented from remaining at his post or from reporting for duty, he shall not leave his post or absent himself from duty before he has applied in writing for leave and has been informed by the council or his supervisor that his application for leave has been granted by the council.

GEREEDHEIDSDIENS EN BESOLDIGING DAARVOOR

26. (1) 'n Toesighouer kan, behoudens die opdragte van 'n raad, 'n werknemer of tydelike werknemer onder sy beheer, aansê om gereedheidsdiens te doen vir sodanige tydperk buite sy amptelike diensure as wat sodanige toesighouer bepaal.

(2) 'n Werknemer of tydelike werknemer wat gereedheidsdiens doen, word daarvoor vergoed teen die tarief wat die betrokke raad vir die betrokke klas of groep werknemers bepaal.

TOEPASLIKHEID VAN VERLOFREGULASIES

27. Regulasies 28 tot en met 49 is van toepassing op alle werknemers of tydelike werknemers: Met dien verstande dat genoemde regulasies in die geval van werknemers of tydelike werknemers wie se diensvoorraarde vasgestel is in ooreenstemming met die bepalings van nywerheids- of dergelike ooreenkoms, slegs van toepassing is vir sover daarin uitdruklik bepaal word dat hulle op genoemde werknemers of tydelike werknemers van toepassing is, en origens is die verlofvoordele van daardie werknemers of tydelike werknemers dié wat die betrokke raad bepaal.

VERLOFAANSOEKVORMS, TOESTAAN EN INTREKKING VAN VERLOF, EN ONGEMAGTIGDE AFWE SIGHEDE VAN DIENS

28. (1) (a) Aansoek om verlof word skriftelik gedoen op 'n vorm wesenlik in die vorm deur 'n raad bepaal.

(b) 'n Sertifikaat van ongesteldheid wat ter stawing van 'n aansoek om siekteverlof dien, moet wesenlik in die vorm wees deur die raad bepaal:

(2) (a) Die toestaan van alle afwesigheidsverlof is onderworpe aan die goedkeuring van die raad.

(b) Verlof reeds toegestaan, kan te eniger tyd deur die raad ingetrek word, en in so 'n geval kan die raad die werknemer of tydelike werknemer vergoed vir enige onverhaalbare uitgawes deur hom aangegaan ten opsigte van 'n vakansie nadat hy in kennis gestel is dat sy aansoek om die betrokke verlof goedgekeur is en voordat hy van sodanige intrekking in kennis gestel is, of aangegaan as gevolg van verpligtings deur hom opgeneem ten opsigte van 'n vakansie gedurende sodanige tydperk, en indien sodanige werknemer of tydelike werknemer moet reis ten einde sy diens te hervat, maak die raad 'n *ex gratia*-betaling, waarvan die bedrag deur die raad bepaal word, aan die werknemer of tydelike werknemer ten opsigte van die koste deur hom aangegaan ten opsigte van sodanige reis en hy word geag op diens te wees terwyl hy aldus reis.

(c) Uitgesonderd siekteverlof word afwesigheidsverlof toegestaan met behoorlike inagneming van 'n raad se behoeftes.

(d) 'n Raad kan op die skriftelike versoek van 'n werknemer of tydelike werknemer vakansieverlof reeds toegestaan, uitgesonderd die vakansieverlof bedoel in regulasie 32, intrek.

(3) Behalwe in die geval waar 'n werknemer of tydelike werknemer in sy diens geskors is of waar 'n werknemer of tydelike werknemer weens sy skielike siekte of ander omstandighede wat vir die betrokke raad aanneemlik is, verhinder word om op diens te bly of hom vir diens aan te meld, verlaat hy nie sy werk of bly hy nie van diens weg nie voordat hy skriftelik om verlof aansoek gedoen het en hy deur die raad of sy toesighouer in kennis gestel is dat die raad sy aansoek om verlof goedgekeur het.

(4) (a) Except as provided in regulation 40 (1) (c), all unauthorised periods of absence from service, irrespective of any disciplinary action taken against an employee or temporary employee, shall be considered to be vacation leave without pay, unless otherwise provided by the council.

(b) The submission of a written application for leave shall not be a requirement in the case of an unauthorised period of absence.

LEAVE REGISTERS

29. (1) A council shall keep a leave register in respect of each employee or temporary employee in which all absences from duty shall be recorded in accordance with the classification referred to in regulation 30 (1).

(2) All applications for leave shall be filed for audit and other purposes in the office where the leave register is kept, for such period as the council may direct.

CLASSIFICATION OF LEAVE OF ABSENCE

30. (1) All absences from duty on leave shall be classified under one or more of the following heads:

- (a) Vacation leave with full pay.
- (b) Vacation leave without pay.
- (c) Sick leave with full pay.
- (d) Sick leave with half pay.
- (e) Sick leave without pay.
- (f) Special leave.
- (g) Special sick leave.

(2) The granting of leave under any one of the heads mentioned in subregulation (1) shall not affect the granting of leave under any of the other heads mentioned, except in so far as is specifically provided elsewhere in these regulations.

GROUPING OF EMPLOYEES OR TEMPORARY EMPLOYEES FOR LEAVE PURPOSES AND PROVISION FOR LEAVE

31. For the purposes of granting leave of absence, employees or temporary employees shall be classified in the undermentioned groups and leave may accordingly be granted to them in terms thereof:

(1) Employees, temporary employees and employees on contract who occupy prescribed posts:

Group:

(a) Ten Years' service or longer or a salary equal to the commencing notch of the salary scale for Chief Clerk or equivalent ranks:

| | |
|-----------------------|--|
| <i>Vacation leave</i> | <i>Sick leave</i> |
| 36 days per annum | 120 days on full pay, and 120 days on half pay per cycle |

Group:

(b) Less than 10 years' service or a salary lower than the commencing salary notch of the salary scale for Chief Clerk or equivalent ranks.

| | |
|-----------------------|--|
| <i>Vacation leave</i> | <i>Sick leave</i> |
| 30 days per annum | 120 days on full pay, and 120 days on half pay per cycle |

(4) (a) Uitgesonderd soos in regulasie 40 (1) (c) bepaal word, word alle ongemagtige tydperke van afwesigheid van diens, ongeag enige tugmaatreëls wat teen 'n werknemer geneem word, geag vakansieverlof sonder betaling te wees, tensy die raad anders bepaal.

(b) Die indiening van 'n skriftelike aansoek om verlof is nie 'n vereiste in die geval van ongemagtige tydperk van afwesigheid nie.

VERLOFSTATE

29. (1) 'n Raad hou ten opsigte van elke werknemer of tydelike werknemer 'n verlofstaat waarin alle tydperke van afwesigheid van diens aangeteken word volgens die indeling vervat in regulasie 30 (1).

(2) Alle aansoeke om verlof word vir oudit- en ander doeleindes bewaar in die kantoor waar die verlofstaat gehou word en wel vir dié tydperk wat die raad bepaal.

INDELING VAN AFWESIGHEIDSVERLOF

30. (1) Alle tydperke van afwesigheid van diens met verlof word onder een of meer van die volgende hoofde ingedeel:

- (a) Vakansieverlof met volle besoldiging.
- (b) Vakansieverlof sonder besoldiging.
- (c) Siekterverlof met volle besoldiging.
- (d) Siekterverlof met halwe besoldiging.
- (e) Siekterverlof sonder besoldiging.
- (f) Spesiale verlof.
- (g) Spesiale siekterverlof.

(2) Die toestaan van verlof onder enigeen van die hoofde bedoel in subregulasie (1), beïnvloed nie die toestaan van verlof onder enige van die ander genoemde hoofde nie, uitgesonderd soos elders in hierdie regulasies uitdruklik bepaal word.

GROEPERING VAN WERKNEMERS OF TYDELIKE WERKNEMERS VIR VERLOFDOELEINDES EN VERLOFVOORSIENING

31. Werknemers of tydelike werknemers word vir die doeleindes van die toestaan van afwesigheidsverlof in die volgende groepe ingedeel en verlof kan dioenooreenkomsig aan hulle toegestaan word:

(1) Werknemers, tydelike werknemers en werknemers op kontrak wat voorgeskrewe poste beklee:

Group:

(a) Meer as 10 jaar diens, of 'n salaris gelykstaande met die aanvangskerf van die salarisskaal vir Hoofklerk of gelykwaardige range.

Vakansieverlof

36 dae per jaar

Siekterverlof

120 dae met volle besoldiging,
en 120 dae met halwe besoldiging per tydkring

Group:

(b) Minder as 10 jaar diens, of 'n salaris minder as die aanvangskerf van die salarisskaal vir Hoofklerk of gelykwaardige range.

Vakansieverlof

30 dae per jaar

Siekterverlof

120 dae met volle besoldiging,
en 120 dae met halwe besoldiging per tydkring

(2) Temporary employees and groups of temporary employees that occupy non-prescribed posts or who are employed under other conditions:

Group:

(a) 15 years' or more service or when adjusted in terms of paragraphs (b) and (c) below.

| Vacation leave | Sick leave |
|-------------------|--|
| 30 days per annum | 120 days on full pay, and 120 days on half pay per cycle |

Group:

(b) Less than 15 years' service or in receipt of a salary equivalent to or higher than the commencing notch of the salary scale for a Clerk Grade II. [A person advances to the higher leave group in terms of paragraph (a) upon completion of 15 years' or 5 years' service after having qualified for inclusion in this leave group on the basis of salary, depending which of the two periods is the shortest.]

| Vacation leave | Sick leave |
|-------------------|--|
| 25 days per annum | 90 days on full pay, and 90 days on half pay per cycle |

Group:

(c) Ten years' service or less and in receipt of a salary lower than the commencing notch of the salary scale for a Clerk Grade II. [If the minimum notch is attained or bypassed, the leave shall be adjusted to that of the group indicated in paragraph (b).]

| Vacation leave | Sick leave |
|-------------------|--|
| 21 days per annum | 60 days on full pay, and 60 days on half pay per cycle |

(d) Students taken into service for vacation work do not qualify for any leave privileges.

(e) A casual employee qualifies for the prescribed leave privileges indicated in subregulation (2) (a), (b) and (c) upon completion of six months' continuous service from the date of assumption of duty.

GENERAL PROVISIONS: VACATION LEAVE

32. (1) Subject to the provisions of regulation 42 (1), accumulative vacation leave shall accrue in respect of each completed month of service at the rate of one-twelfth of the provision applicable to an employee or temporary employee in terms of regulation 31.

(2) If an employee or temporary employee is transferred from one post to another and his transfer results in a change in his classification for leave purposes or if, for any reason other than his transfer, he passes from one vacation leave group to another—

(a) he shall retain the accumulative vacation leave that accrued during his service in the previous group or groups; and

(b) the accumulative vacation leave of the new group shall become applicable to him from the first day of the month during which such transfer or translation becomes effective;

unless the provisions of regulation 45 (2) are applicable to him.

(3) A council may at any time require an employee or temporary employee to take the whole or a portion of the vacation leave due to him: Provided that the maximum period of leave prescribed in subregulation (4) shall not be exceeded.

(2) Tydelike werknemers en groepe tydelike werknemers wat nie-voorgeskrewe poste beklee of op ander voorwaardes in diens is:

Groep:

(a) 15 jaar of meer diens, of wanneer aangepas soos in paragrawe (b) en (c) hieronder aangedui.

| Vakansieverlof | Siekteverlof |
|-----------------|--|
| 30 dae per jaar | 120 dae met volle besoldiging, en 120 dae met halwe besoldiging per tydkring |

Groep:

(b) Minder as 15 jaar diens, of 'n salaris gelykstaande met of meer as die aanvangskerf van die salarisskaal vir Klerk Graad II. ('n Persoon vorder na die hoër verlofgroep in paragraaf (a) indien hy 15 jaar diens voltooi het, of indien hy 5 jaar diens voltooi het nadat hy gekwalifiseer het vir inskakeling by hierdie verlofgroep op grond van salaris, watter tydperk ook al die kortste is.)

| Vakansieverlof | Siekteverlof |
|-----------------|--|
| 25 dae per jaar | 90 dae met volle besoldiging, en 90 dae met halwe besoldiging per tydkring |

Groep:

(c) 10 jaar of minder diens en in ontvangs van 'n salaris minder as die aanvangskerf van die salarisskaal vir Klerk Graad II. [Indien die minimum kerf bereik of oorskry word, word die verlof aangepas by die groep aangedui in paragraaf (b).]

| Vakansieverlof | Siekteverlof |
|-----------------|--|
| 21 dae per jaar | 60 dae met volle besoldiging, en 60 dae met halwe besoldiging per tydkring |

(d) Studente wat vir vakansiewerk in diens geneem is, kwalifiseer nie vir enige verlofvoordele nie.

(e) 'n Geleenheidswerknemer kwalifiseer wel vir die voorgeskrewe verlofvoordele aangedui in subregulasie (2) (a), (b) en (c), ná voltooiing van ses maande aaneenlopende diens vanaf die datum van diensaanvaarding.

ALGEMENE BEPALINGS: VAKANSIEVERLOF

32. (1) Behoudens die bepalings van regulasie 42 (1), was oplopende vakansieverlof aan ten opsigte van elke voltoode maand van diens en wel teen een twaalfde van die voorsiening wat ingevolge regulasie 31 op 'n werknemer of tydelike werknemer van toepassing is.

(2) Indien 'n werknemer of tydelike werknemer van een betrekking na 'n ander betrekking oorgeplaas word en sy oorplasing 'n verandering van sy groepering vir verlofdoelendes meebring of as hy om enige ander rede as sy oorplasing van die een na die ander vakansieverlofgroep oorgaan—

(a) behou hy die vakansieverlof wat gedurende sy dienstydperk in die vorige groep of groepe aangewas het; en

(b) word die nuwe groep se vakansieverlof op hom van toepassing vanaf die eerste dag van die maand waarin sodanige oorplasing of oorgang van krag word;

tensy die bepalings van regulasie 45 (2) op hom van toepassing is.

(3) 'n Raad kan te eniger tyd van 'n werknemer of tydelike werknemer vereis dat hy 'n gedeelte of die geheel van die vakansieverlof wat hom toekom, neem: Met dien verstande dat die maksimum tydperk van verlof wat by subregulasie (4) voorgeskryf word, nie oorskry word nie.

(4) Subject to the provisions of regulation 34 and except on the recommendation of a council, an employee or temporary employee shall not be granted vacation leave in excess of 184 days in the aggregate in any period of 18 calendar months and any absence from duty for a longer period than this limit shall be covered by the granting of vacation leave without pay and for the purposes of this subregulation no account shall be taken of vacation leave granted in terms of regulation 35 (3) (d).

(5) The accumulative vacation leave standing to the credit of an employee or temporary employee on 1 January of each year shall be recorded in the leave register, and in the recording of such credit any portion of a day shall be regarded as one day.

OVERGRANT OF VACATION LEAVE

33. If an employee or temporary employee has been granted vacation leave with full pay in excess of that which stood to his credit at the time, such overgrant may be deducted from vacation leave which subsequently accrues to him: Provided the council is satisfied that the overgrant was made in good faith: Provided further that, if such employee or temporary employee resigns or his services are terminated before sufficient vacation leave has accrued to him for the purpose of such deduction, that portion of the overgrant which exceeds his vacation leave credit on his last day of service shall be regarded as an overpayment of salary which must be recovered or written off under competent authority.

VACATION LEAVE WITHOUT PAY

34. (1) If sound reasons exist, a council may grant an employee or temporary employee who has no vacation leave with pay to his credit, vacation leave without pay, not exceeding 184 days in any period of 18 calendar months.

(2) Subject to the provisions of regulation 32 (4) or 42 (2), all vacation leave with full pay standing to an employee's or temporary employee's credit shall first be exhausted, before vacation leave without pay may be granted to him.

GENERAL PROVISIONS: SICK LEAVE

35. (1) Sick leave shall accrue to an employee or temporary employee on the first day of a cycle and with effect from that day the full provision of the relative cycle may be granted to him if the other provisions of these regulations are complied with: Provided that no employee or temporary employee shall be granted sick leave with full or half pay until he has completed 30 days' service reckoned from the date of his appointment and then only in respect of absences subsequent to the completion of such service.

(2) Unused sick leave prescribed for a particular cycle shall lapse at the end of that cycle and shall not be carried forward to the next cycle.

(3) (a) An employee or temporary employee may, on application in writing, be granted any vacation leave which he may have to his credit, in lieu of sick leave with half pay or sick leave without pay: Provided that—

(i) such application shall be submitted not later than three calendar months after he has resumed duty; and

(4) Behoudens die bepalings van regulasie 34 en behalwe op aanbeveling van 'n raad, mag aan 'n werknemer of tydelike werknemer nie vakansieverlof van altesaam meer as 184 dae in enige tydperk van 18 kalendermaande toegestaan word nie, en enige afwesigheid van diens wat hierdie beperking oorskry, word gedeck deur die toestaan van vakansieverlof sonder betaling, en vir die doeleindeste van hierdie subregulasie word vakansieverlof wat kragtens regulasie 35 (3) (d) toegestaan word, buite rekening gelaat.

(5) Die ooplopende vakansieverlof wat 'n werknemer of tydelike werknemer op 1 Januarie van elke jaar tot sy krediet het, word in die verlofstaat aangeteken, en by die aantekening van sodanige krediet word enige gedeelte van 'n dag as een dag gereken.

OORTOEKENNING VAN VAKANSIEVERLOF

33. Indien daar aan 'n werknemer of tydelike werknemer meer vakansieverlof met volle besoldiging toegestaan is as wat hy op daardie tydstip tot sy krediet gehad het, kan sodanige oortoekenning afgetrek word van vakansieverlof wat later aan hom toeval: Met dien verstande dat die raad oortuig is dat die oortoekenning te goeder trou gedoen is: Met dien verstande voorts dat as sodanige werknemer of tydelike werknemer bedank of sy dienste beëindig word voordat voldoende vakansieverlof vir die doel van sodanige aftrekking aan hom toegeval het, die gedeelte van die oortoekenning wat sy vakansieverlof krediet op die laaste dag van sy diens oorskry, 'n oorbetaling van salaris geag word wat of teruggevorder of met bevoegde magtiging afgeskryf word.

VAKANSIEVERLOF SONDER BESOLDIGING

34. (1) As gegronde redes daarvoor bestaan, kan 'n raad aan 'n werknemer of tydelike werknemer wat geen vakansieverlof met besoldiging tot sy krediet het nie, vakansieverlof sonder besoldiging toestaan vir hoogstens 184 dae altesaam in enige tydperk van 18 kalendermaande.

(2) Behoudens die bepalings van regulasie 32 (4) of 42 (2), moet alle vakansieverlof met volle besoldiging wat 'n werknemer of tydelike werknemer tot sy krediet het, eers uitgeput wees voordat vakansieverlof sonder betaling aan hom toegestaan kan word.

ALGEMENE BEPALINGS: SIEKTEVERLOF

35. (1) Siekterverlof val op die eerste dag van 'n siklus aan 'n werknemer of tydelike werknemer toe en met ingang van daardie dag kan die volle voorsiening vir die betrokke tydkring aan hom toegestaan word, mits aan die ander bepalings van hierdie regulasies voldoen word: Met dien verstande dat aan geen werknemer of tydelike werknemer siekterverlof met volle of halwe besoldiging toegestaan mag word voordat hy 30 dae diens, gereken vanaf die datum van sy aanstelling, voltooi het nie en dan slegs ten opsigte van tydperke van afwesigheid na die voltooiing van sodanige diens.

(2) Ongebruikte siekterverlof wat vir 'n bepaalde tydkring voorgeskryf is, vervalt aan die einde van daardie tydkring en word nie na die volgende tydkring oorgedra nie.

(3) (a) Aan 'n werknemer of tydelike werknemer kan, op skriftelike aansoek, enige vakansieverlof wat hy tot sy krediet het, toegestaan word in plaas van siekterverlof met halwe besoldiging of siekterverlof sonder besoldiging. Met dien verstande dat—

(i) sodanige aansoek nie later nie as drie kalendermaande nadat hy diens hervat het, ingediend word; en

- (ii) The council shall be satisfied that the employee or temporary employee concerned is not at that stage permanently unfit for the resumption of his normal duties.
- (b) Once the vacation leave referred to has been granted to an employee or temporary employee and he has received payment in respect thereof, such leave shall not be reconverted into sick leave with half pay or without pay.
- (4) (a) If an employee or temporary employee to whom vacation leave has been granted becomes ill after he has left his duties to proceed on vacation leave, that portion of the vacation leave referred to in respect of which he submits a certificate by a registered medical practitioner or a registered dentist which complies with the requirements prescribed in regulation 36 may be converted into sick leave, provided the necessary sick leave is available in terms of these regulations.
- (b) Vacation leave without pay shall not be converted into sick leave with full or half pay.
- ### GRANTING OF SICK LEAVE
36. (1) Sick leave shall be granted only in respect of the absence from duty of an employee or temporary employee owing to an illness, indisposition or injury not due to his misconduct or failure to take reasonable precautions.
- (2) An employee or temporary employee who is addicted to alcohol or to drugs for which treatment has been prescribed by a medical practitioner will be granted sick leave, provided he is treated in a full-time capacity by a medical practitioner or is treated in an institution.
- (3) Sick leave may be granted in respect of nervous complaints, insomnia, debility and similar ill-defined illnesses or indispositions only if a council is satisfied that the applicant's state of health incapacitates him for duty.
- (4) (a) A council may at any time require an employee or temporary employee to submit to an examination by one or more registered medical practitioners or registered dentists nominated by the council.
- (b) The expenses in connection with such examination shall be met from funds of the council.
- (5) (a) If an employee or temporary employee is absent from duty for a continuous period of more than three days owing to illness, he may be granted sick leave only if he furnishes the council concerned with a certificate by a registered medical practitioner or a registered dentist which clearly describes the nature of the illness, which states that he is not capable of performing his official duties, and in which is indicated the period necessary for his recuperation.
- (b) A council may require the submission of a similar certificate in respect of periods of three days or less.
- (c) If a council is satisfied that the absence of an employee or temporary employee is bona fide due to illness and that there are good reasons for the non-submission of a certificate of indisposition, it may waive the submission of such certificate by the employee or temporary employee in respect of sick leave for a continuous period not exceeding 14 days. Such exemption shall be endorsed on the leave application.
- (ii) die raad oortuig is dat die betrokke werknemer of tydelike werknemer op die betrokke tydstip nie permanent ongeskik is vir die hervatting van sy normale pligte nie.
- (b) As genoemde vakansieverlof een maal aan 'n werknemer of tydelike werknemer toegestaan is en hy ten opsigte daarvan betaling ontvang het, word sodanige verlof nie weer in siekterverlof met halwe besoldiging of sonder besoldiging omgesit nie.
- (4) (a) Indien 'n werknemer of tydelike werknemer aan wie vakansieverlof toegestaan is, siek word nadat hy reeds sy diens verlaat het om met vakansieverlof te gaan, kan daardie gedeelte van genoemde vakansieverlof ten opsigte waarvan hy 'n sertifikaat van 'n geregistreerde geneesheer of 'n geregistreerde tandarts indien wat voldoen, aan die vereistes voorgeskryf in regulasie 36, in siekterverlof omskep word, mits die nodige siekterverlof kragtens hierdie regulasies beskikbaar is.
- (b) Vakansieverlof sonder besoldiging word nie in siekterverlof met volle of halwe besoldiging omskep nie.
- ### TOESTAAN VAN SIEKTERVERLOF
36. (1) Siekterverlof word toegestaan slegs ten opsigte van 'n werknemer of tydelike werknemer se afwesigheid van diens weens siekte, ongesteldheid of besering wat nie te wyte is aan sy wangedrag of gebrek aan behoorlike voorsorg nie.
- (2) Aan 'n werknemer of tydelike werknemer wat verslaaf is aan alkohol of dwelmmiddels waarvoor behandeling deur 'n geregistreerde geneesheer voorgeskryf word, kan siekterverlof toegestaan word mits hy voltyds deur 'n geregistreerde geneesheer of in 'n inrigting daarvoor behandel word.
- (3) Ten opsigte van senuwee-aandoenings, slape-loosheid, swakte en dergelike swak omskrewne siektes of ongesteldhede word siekterverlof toegestaan slegs as 'n raad oortuig is dat die applikant se gesondheidstoestand hom ongeskik maak vir sy werk.
- (4) (a) 'n Raad kan te eniger tyd eis dat 'n werknemer of tydelike werknemer hom onderwerp aan 'n ondersoek deur een of meer geregistreerde geneeshere of geregistreerde tandartse deur die raad aangewys.
- (b) Die onkoste verbonde aan sodanige ondersoek word uit fondse van die raad betaal.
- (5) (a) Indien 'n werknemer of tydelike werknemer weens siekte van diens afwesig is vir 'n aaneenlopende tydperk van langer as drie dae, kan siekterverlof aan hom toegestaan word slegs as hy 'n sertifikaat van 'n geregistreerde geneesheer of 'n geregistreerde tandarts, wat duidelik die aard van die siekte beskryf, wat verklaar dat hy nie is staat is om sy pligte waar te neem nie en wat aantoon watter tydperk nodig is vir sy herstel, by die betrokke raad indien.
- (b) 'n Raad kan eis dat 'n derglike sertifikaat ook ten opsigte van tydperke van drie dae of minder ingedien word.
- (c) Indien 'n Raad daarvan oortuig is dat die werknemer of tydelike werknemer se afwesigheid *bona fide* te wyte is aan siekte en dat daar goeie redes bestaan waarom 'n sertifikaat van ongesteldheid nie ingedien is nie, kan hy afsien van die vereiste dat sodanige sertifikaat ingedien word deur die werknemer of tydelike werknemer ten opsigte van 'n aaneenlopende tydperk van siekterverlof van hoogstens veertien dae, en sodanige vrystelling word op die aansoek om verlof geëndoseer.

(6) (a) Sick leave, with or without pay, in respect of which a certificate referred to in subregulation (5) is not submitted, may be granted only for an aggregate of 10 days during any year ending on 31 December and any further absences shall be covered by the granting of vacation leave with full pay or, if the employee or temporary employee has no vacation leave to his credit, vacation leave without pay.

(b) The provisions of this subregulation shall not apply to periods of absence in respect of which exemption in terms of subregulation (5) (c) has been granted, and such periods shall not be taken into account in the determination of the 10 days.

(7) Notwithstanding the submission of a certificate as defined in subregulation (5), a council may refuse to grant sick leave with pay in respect of any absence from duty to which the certificate relates, and in such case the absence shall be regarded as unauthorised and the provisions of regulation 28 (4) shall apply.

SPECIAL SICK LEAVE

(2) The Minister shall appoint a chairman and vice-chairman from among the officers referred to in sub-regulation (1) (g).

(3) A member of the Examination Board shall hold office for a period of three years as from a date fixed in advance by the Director-General unless he submits his resignation in writing to the Director-General or vacates his office for any other reason before the expiry of such period.

(4) A casual vacancy on the Examination Board caused by the death of, or the vacation of his office by, a member shall with due regard to the provisions of subsection (1) be filled for the unexpired portion of the period of office of such member.

(5) The meetings of the Examination Board shall be held at such times and places as the Director-General may determine.

(6) The majority of the members of the Examination Board shall form a quorum for a meeting.

(7) The procedure at meetings of the Examination Board shall be as determined by the Examination Board.

(8) The secretarial work of the Examination Board shall be performed by officers of the Department designated for this purpose by the Director-General.

Duties, powers and functions of the Examination Board

3. (1) The Examination Board shall—

(a) advise the Minister with regard to—

- (i) the institution of courses referred to in section 35 (1) of the Act;
- (ii) the composition and structures of the courses instituted in terms of section 35 (1) of the Act;
- (iii) the requirements for admission to any course referred to in section 35 (1) of the Act;
- (iv) any other matter which the Minister may refer to the Examination Board; and

(b) advise the Director-General with regard to—

- (i) the contents of syllabuses referred to in section 35 (4) of the Act;
- (ii) requirements for the maintenance of examination standards;
- (iii) the steps which are necessary to ensure proper control over the conduct of examinations;
- (iv) the books, teaching aids and other material prescribed for the various courses, syllabuses and examinations; and
- (v) any other matter which the Director-General may refer to the Examination Board.

(2) Notwithstanding the provisions of subregulation (1), the Examination Board or any committee of the Examination Board shall not arrive at any decision or make any recommendation with regard to the composition and structure of any course, the contents of any syllabus or any book or other material in respect of—

- (a) the matriculation or senior certificate examination or any equivalent examination;

(g) dié senior onderwysbeamptes van die Departement wat deur die Minister benoem word;

(h) hoogstens drie ander persone wat die Minister aanstel en wat almal persone moet wees wat hulself onderskei het in die onderwysberoep of besondere kennis het van enige aspek rakende die pligte, bevoegdhede of werksaamhede van die Eksamenaad.

(2) Die Minister stel uit die beamptes bedoel in subregulasie (1) (g) 'n voorsitter en 'n vise-voorsitter van die Eksamenaad aan.

(3) 'n Lid van die Eksamenaad beklee sy amp vir 'n termyn van drie jaar vanaf 'n datum wat vooraf deur die Direkteur-generaal bepaal is, tensy hy voor verskyn van die termyn sy bedanking skriftelik by die Direkteur-generaal indien of sy amp om 'n ander rede ontruim.

(4) 'n Toevallige vakature in die Eksamenaad wat veroorsaak word deur die dood van, of die ontruiming van sy amp deur, 'n lid word met inagneming van die bepalings van subartikel (1) gevul vir die onverstreke gedeelte van die ampttermyn van die lid.

(5) Die vergaderings van die Eksamenaad word gehou op die tye en plekke wat die Direkteur-generaal bepaal.

(6) Die meerderheid van die lede van die Eksamenaad maak 'n kworum vir 'n vergadering uit.

(7) Die prosedure by vergaderings van die Eksamenaad is soos deur die Eksamenaad bepaal.

(8) Die sekretariële werk van die Eksamenaad word verrig deur beamptes van die Departement wat vir dié doel deur die Direkteur-generaal aangewys word.

Pligte, bevoegdhede en werksaamhede van die Eksamenaad

3. (1) Die Eksamenaad moet—

(a) die Minister van advies dien oor—

- (i) die instelling van kursusse bedoel in artikel 35 (1) van die Wet;
- (ii) die samestelling en strukture van die kursusse ingestel kragtens artikel 35 (1) van die Wet;
- (iii) die toelatingsvereistes vir 'n kursus bedoel in artikel 35 (1) van die Wet;
- (iv) enige ander aangeleentheid wat die Minister aan die Eksamenaad opdra; en

(b) die Direkteur-generaal van advies dien oor—

- (i) die inhoud van sillabusse bedoel in artikel 35 (4) van die Wet;
- (ii) vereistes vir die handhawing van eksamenstandaarde;
- (iii) die stappe wat nodig is om behoorlike beheer oor die afname van eksamens te verseker;
- (iv) die boeke, onderwyshulpmiddels en ander materiaal wat vir die verskillende kursusse, sillabusse en eksamens voorgeskryf word; en
- (v) enige ander aangeleentheid wat die Direkteur-generaal aan die Eksamenaad opdra.

(2) Ondanks die bepalings van subregulasie (1) neem die Eksamenaad of enige komitee van die Eksamenaad geen besluit en doen hy geen aanbeveling nie oor die samestelling en struktuur van 'n kursus, die inhoud van 'n sillabus of 'n boek of ander materiaal ten opsigte van—

- (a) die matrikulasie- of seniorsertifikaatskamern of 'n gelykwaardige eksamen; en

(b) any course or syllabus of any other education department in cases where such course or syllabus is used or applied with the approval of the Minister in schools under the control of the Department.

GENERAL COMMITTEE AND SUBJECT COMMITTEES OF EXAMINATION BOARD

Constitution of the General Committee

4. If the Minister establishes a committee of the Examination Board in terms of section 35 (3) (a) of the Act, which shall be known as the General Committee, such Committee shall consist of—

- (a) the chairman of the Examination Board who shall also be the chairman of the General Committee;
- (b) the chairman of each subject committee referred to in regulation 6; and
- (c) the senior education officers of the Department to be appointed by the Director-General.

Duties and powers of the General Committee

5. (1) The duties and powers of the General Committee of the Examination Board (if a General Committee is established) shall be to co-ordinate the functions of subject committees and to consider proposals of such committees and, subject to the provisions of sub-regulation (2), to make recommendations to the Examination Board.

(2) The Examination Board may generally or in a particular case entrust to the General Committee any duty or function related to any matter referred to in regulation 3 (1) and the Examination Board may, in respect of such matters as the Board may determine with the approval of the Director-General, authorise such Committee to submit recommendations or advice direct to the Minister or to the Director-General, as the case may be.

Constitution of subject committees

6. If the Minister establishes committees of the Examination Board in terms of section 35 (3) (a) of the Act, which shall be known as subject committees, each such committee shall consist of—

- (a) a chairman to be appointed by the Director-General; and
- (b) such other persons as the Director-General may appoint on account of their knowledge of a particular school subject.

Duties, powers and functions of subject committees

7. (1) A subject committee shall make recommendations to the Examination Board with regard to any matter referred to in regulation 3 (1) in respect of the school subject or school subjects for which the subject committee has been established.

(2) A subject committee shall be responsible for the screening and editing of the examination papers for the school subject or school subjects referred to in sub-regulation (1).

(3) A subject committee may make recommendations to the Director-General with regard to the appointment of examiners, moderators, assistant examiners and other persons necessary for the conduct of an examination and the marking of scripts in the school subject concerned.

(4) The Examination Board may, generally or in a particular case, entrust to a subject committee any duty or function relating to a matter referred to in sub-regulation (1) and the Examination Board may, in respect of such matters as the Board may determine

(b) enige kursus of sillabus van 'n ander onderwysdepartement in gevalle waar sodanige kursus of sillabus met die goedkeuring van die Minister in skole onder beheer van die Departement gebruik of toegepas word.

ALGEMENE KOMITEE EN VAKKOMITEES VAN DIE EKSAMENRAAD

Samestelling van die Algemene Komitee

4. Indien die Minister kragtens artikel 35 (3) (a) van die Wet 'n komitee van die Eksamenaad instel wat die Algemene Komitee heet, bestaan dié Komitee uit—

- (a) die voorsitter van die Eksamenaad, wat ook die voorsitter van die Algemene Komitee is;
- (b) die voorsitters van elke vakkomitee bedoel in regulasie 6; en
- (c) die senior onderwysbeamptes van die Departement wat die Direkteur-generaal aanstel.

Pligte en bevoegdhede van die Algemene Komitee

5. (1) Die pligte en bevoegdhede van die Algemene Komitee van die Eksamenaad (indien 'n Algemene Komitee ingestel word) is om die werkzaamhede van vakkomitees te koördineer en voorstelle van daardie komitees te oorweeg en, behoudens die bepalings van subregulasie (2), aanbevelings te doen by die Eksamenaad.

(2) Die Eksamenaad kan aan die Algemene Komitee in die algemeen of in 'n besondere geval enige plig of werkzaamheid wat betrekking het op 'n aangeleenthed vermeld in regulasie 3 (1) opdra en die Eksamenaad kan, ten opsigte van die aangeleenthede wat die Raad met die goedkeuring van die Direkteur-generaal bepaal, dié Komitee magtig om aanbevelings of advies direk aan die Minister, of die Direkteur-generaal, na gelang van die geval, voor te lê.

Samestelling van vakkomitees

6. Indien die Minister kragtens artikel 35 (3) (a) van die Wet komitees van die Eksamenaad instel wat vakkomitees heet, bestaan elke sodanige komitee uit—

- (a) 'n voorsitter, wat deur die Direkteur-generaal aangestel word; en
- (b) die ander persone wat deur die Direkteur-generaal aangestel word vanweë hul kennis van 'n besondere skoolvak.

Pligte, bevoegdhede en werkzaamhede van vakkomitees

7. (1) 'n Vakkomitee doen aanbevelings by die Eksamenaad oor enige aangeleenthed vermeld in regulasie 3 (1) ten opsigte van die skoolvak of skoolvakke waarvoor die vakkomitee ingestel is.

(2) 'n Vakkomitee is verantwoordelik vir die keuring en redigering van die eksamenvraestelle vir die skoolvak of skoolvakke bedoel in subregulasie (1).

(3) 'n Vakkomitee kan by die Direkteur-generaal aanbevelings doen met betrekking tot die aanstelling van eksaminatore, moderatore, hulpeksaminatore en ander persone wat vir die afneem van 'n eksamen en die nasien van antwoordboeke in die betrokke skoolvak nodig is.

(4) Die Eksamenaad kan in die algemeen of in 'n besondere geval aan 'n vakkomitee enige plig of werkzaamheid opdra wat betrekking het op 'n aangeleenthed bedoel in subregulasie (1), en die Eksamenaad kan ten opsigte van dié aangeleenthede wat die Raad

with the approval of the Director-General, authorise such subject committee to submit recommendations and advice direct to the Minister or Director-General, as the case may be.

(5) A subject committee shall advise the Director-General on the suitability for use in a school of any book, teaching aid or other material which the Director-General may refer to the committee.

Meetings and period of office of the General Committee and subject committees of the Examination Board

8. (1) The meetings of the General Committee and subject committees of the Examination Board shall be held at such times and places as the Director-General may determine.

(2) A member of the General Committee, other than the chairman, and a member of a subject committee shall hold office for a period of three years as from a date fixed in advance by the Director-General unless he dies before the expiry of the period or submits his resignation in writing to the Director-General: Provided that the Director-General may at any time in his discretion cancel the appointment of a member and appoint another person in his place for the unexpired portion of the period of office of the member who has vacated office.

CONDUCT OF EXAMINATIONS

Examiners and moderators

9. (1) The Director-General may appoint examiners and moderators for the setting of examination papers, for the marking of scripts and the allocation of marks to candidates on such conditions as he may determine at such appointment.

(2) An examiner appointed in terms of subregulation (1) shall, when the Director-General so requests in writing, set an examination paper in accordance with the requirements of the syllabus concerned before a date determined by the Director-General and stated in such request.

(3) In addition to the examination paper referred to in subregulation (2) an examiner shall draw up a detailed memorandum in which it is indicated how the marks for each answer should be allocated and in which, where feasible, a complete answer to every question is furnished.

(4) A moderator shall see to it that an examiner sets the examination paper and draws up the memorandum referred to in subregulations (2) and (3), respectively, in accordance with the requirements of the syllabus concerned and that the examination paper and memorandum referred to are submitted before the date determined by the Director-General in terms of subregulation (2).

(5) An examination paper referred to in subregulation (2) and a memorandum referred to in subregulation (3) shall be official documents and shall belong to the Department.

(6) An examiner and moderator referred to in subregulation (4) shall be jointly responsible for the proof-reading and correctness of the examination paper and memorandum concerned and also for the confidential handling thereof.

(7) The Director-General may, on the recommendation of a subject committee, examiner or moderator, appoint assistant examiners on such conditions as he may determine to assist the examiner with the marking of scripts and the other duties connected with the examination.

met die goedkeuring van die Directeur-generaal bepaal, die bedoelde vakkomitee magtig om aanbevelings of advies direk aan die Minister of Directeur-generaal, na gelang van die geval, voor te lê.

(5) 'n Vakkomitee moet die Directeur-generaal van advies dien oor die gesiktheid van enige boek, onderwyshulpmiddel of ander materiaal wat deur die Directeur-generaal vir gebruik in 'n skool na die komitee verwys word.

Vergaderings en ampstermy van die Algemene Komitee en vakkomitees van die Eksamenraad

8. (1) Die vergaderings van die Algemene Komitee en vakkomitees van die Eksamenraad word gehou op dié tye en plekke wat die Directeur-generaal bepaal.

(2) 'n Lid van die Algemene Komitee, behalwe die voorsitter, en 'n lid van 'n vakkomitee beklee sy amp vir 'n termyn van drie jaar vanaf 'n datum wat vooraf deur die Directeur-generaal bepaal is, tensy hy voor verstryking van die termyn te sterwe kom of sy bedanking skriftelik by die Directeur-generaal indien: Met dien verstande dat die Directeur-generaal te eniger tyd na goeddunke die aanstelling van 'n lid kan intrek en 'n ander persoon in sy plek vir die onverstreke gedeelte van die ampstermy van die lid wat sy amp ontruim het, kan aanstel.

AFNEEM VAN EKSAMENS

Eksaminateure en moderatore

9. (1) Die Directeur-generaal kan eksaminatore en moderatore vir die opstel van eksamenvraestelle, vir die nasien van eksamenantwoordboeke, en vir die toekenning van punte aan kandidate aanstel op die voorwaardes wat hy by sodanige aanstelling bepaal.

(2) 'n Eksaminator wat ingevolge subregulasie (1) aangestel is, moet wanneer hy skriftelik deur die Directeur-generaal daartoe versoek word, voor 'n datum deur die Directeur-generaal bepaal en in sodanige versoek vermeld, 'n eksamenvraestel opstel ooreenkomsdig die vereistes van die betrokke sillabus.

(3) Benewens die vraestel bedoel in subregulasie (2) moet die eksaminator 'n breedvoerige memorandum opstel waarin aangetoon word hoe die punte vir elke antwoord toegeken moet word en waarin, waar doenlik, 'n volledige antwoord op elke vraag verstrek word.

(4) 'n Moderator moet toesien dat 'n eksaminator die eksamenvraestel en memorandum bedoel in subregulasies (2) en (3) onderskeidelik ooreenkomsdig die vereistes van die betrokke sillabus opstel en dat bedoelde vraestel en memorandum voor die datum deur die Directeur-generaal ingevolge subregulasie (2) bepaal, ingedien word.

(5) 'n Eksamenvraestel bedoel in subregulasie (2) en 'n memorandum bedoel in subregulasie (3) is amptelike dokumente en behoort aan die Departement.

(6) 'n Eksaminateur en moderator bedoel in subregulasie (4) is medeverantwoordelik vir die proeflees en korrektheid van die betrokke eksamenvraestel en memorandum asook vir die vertroulike hantering daarvan.

(7) Die Directeur-generaal kan, op aanbeveling van 'n vakkomitee, eksaminator of moderator, hulpeksaminateure aanstel op die voorwaardes wat die Directeur-generaal bepaal, om die eksaminator behulpsaam te wees met die nasien van eksamenantwoordboeke en die ander pligte wat met die eksamen in verband staan.

(8) An examiner shall complete the marking of an examination before a date determined by the Director-General and shall submit the scripts and mark sheets to the Director-General so that they reach him before the date referred to.

(9) Examiners, moderators and assistant examiners shall be remunerated for their services in accordance with tariffs to be determined by the Minister with the concurrence of the Minister of Finance.

(10) The Director-General may at any time terminate the appointment of an examiner, moderator or assistant examiner if in his opinion such examiner, moderator or assistant examiner fails to or neglects to perform the duties or the functions assigned to him in terms of these regulations or to do so in good time, or if the Director-General is of the opinion that such examiner, moderator or assistant examiner has failed to comply with any condition of appointment or that the services of such examiner, moderator or assistant examiner has become redundant owing to reorganisation of functions.

Examination centres

10. Examinations shall be conducted at such places as the Director-General may approve as examination centres.

Chief invigilator and invigilators

11. (1) The Director-General shall appoint invigilators to exercise supervision at examinations and he may appoint a chief invigilator in respect of each examination centre to fulfil, in addition to supervision, such other duties as the Director-General may assign to him regarding the local control over examinations: Provided that if only one invigilator is appointed at a particular centre, such invigilator shall fulfil the duties of a chief invigilator.

(2) The Director-General shall issue instructions (in these regulations referred to as "examination instructions") to chief invigilators and invigilators in connection with the control of examination papers and examination scripts, supervision at examinations and action to be taken in the case of irregularities.

Dates and times of examinations

12. The date and time of an examination shall be determined by the Director-General and he may determine different dates and times for examinations for different examination papers.

Entry for an examination

13. (1) Any person who wishes to enter for an examination shall—

(a) apply on a form approved by the Director-General;

(b) pay the examination entry fees payable in terms of section 35 (6) of the Act, unless he is exempted from the payment thereof; and

(c) hand in the completed form referred to in paragraph (a) together with the money (if any) referred to in paragraph (b) at the school, referred to in subregulation (2), or the examination centre, referred to in subregulation (3), as the case may be, on or before a date determined by the Director-General.

(2) Any full-time pupil shall enter for an examination with the principal of the school where he has followed the course concerned.

(8) 'n Eksaminator moet die nasienwerk van 'n eksamen voor 'n datum wat die Direkteur-generaal bepaal, afhandel en die antwoordboeke en puntestate aan die Direkteur-generaal stuur sodat dit hom voor bedoelde datum bereik.

(9) Eksaminatore, moderatore en hulpeksaminatore word vir hulle dienste vergoed ooreenkomsdig die tariewe wat die Minister met die instemming van die Minister van Finansies bepaal.

(10) Die Direkteur-generaal kan die aanstelling van 'n eksaminator, moderator of hulpeksaminator te eniger tyd beëindig indien hy van mening is dat sodanige eksaminator, moderator of hulpeksaminator versuum om die pligte uit te voer of die werksaamhede te verrig of betyd uit te voer of te verrig wat ingevolge hierdie regulasies aan hom opgedra is, of indien die Direkteur-generaal van mening is dat sodanige eksaminator, moderator of hulpeksaminator enige aanstellingsvoorraarde nie nagekom het nie, of dat die dienste van sodanige eksaminator, moderator of hulpeksaminator as gevolg van herreëling van werksaamhede oortollig geword het.

Eksamensentrums

10. Eksamens word op dié plekke wat die Direkteur-generaal as eksamensentrums goedkeur, afgeneem.

Hooftopsiener en opsieners

11. (1) Die Direkteur-generaal moet opsieners vir toesighouding by die afneem van eksamens aanstel en hy kan ten opsigte van elke eksamensentrum 'n hoofopsiener aanstel om benewens toesig dié ander pligte uit te voer wat die Direkteur-generaal aan hom opdra in verband met die plaaslike beheer oor eksamens: Met dien verstande dat indien daar slegs een opsiener by 'n bepaalde sentrum aangestel word, sodanige opsiener die bedoelde pligte van 'n hoofopsiener moet uitoefen.

(2) Die Direkteur-generaal reik instruksies (in hierdie regulasies "eksameninstruksies" genoem) aan hoofopsieners en opsieners uit in verband met die beheer oor eksamenvraestelle en -antwoordboeke, toesighouding by die afneem van eksamens en optrede in die geval van onreëlmatighede.

Datums en tye van eksamens

12. Die datum en tyd van 'n eksamen word deur die Direkteur-generaal bepaal en hy kan verskillende datums en tye vir die afneem van eksamens vir verskillende vraestelle bepaal.

Inskrywing vir 'n eksamen

13. (1) Iemand wat vir 'n eksamen wil inskryf, moet—

(a) aansoek doen op 'n vorm deur die Direkteur-generaal goedgekeur;

(b) die eksameninskrywingsgelde wat ingevolge artikel 35 (6) van die Wet bepaal is, betaal, tensy hy van die betaling daarvan vrygestel is; en

(c) die voltooide vorm bedoel in paragraaf (a) te same met die geld (indien van toepassing) bedoel in paragraaf (b), by die skool bedoel in subregulasie (2) of die eksamensentrum bedoel in subregulasie (3), na gelang van die geval, indien voor of op 'n datum deur die Direkteur-generaal bepaal.

(2) 'n Heetydse leerling skryf vir 'n eksamen in by die prinsipaal van die skool waar hy die betrokke kursus gevolg het.

(3) Any prospective private candidate shall enter for an examination with the chief invigilator of an examination centre for private candidates which has been approved as such by the Director-General.

(4) Any full-time pupil who wants to enter for an examination conducted in terms of section 35 (5) of the Act shall qualify for entry for such examination if his name appears in the admission register of the school and he is entered for the standard or course concerned on the date referred to in subregulation (1).

(5) (a) No private candidate shall qualify for entry for the standard eight examination unless he produces evidence that he has obtained at least the standard five certificate.

(b) No private candidate shall qualify for entry for the standard 10 examination unless he produces evidence that he has obtained the standard eight certificate.

(6) The Director-General shall accept entries for the examinations concerned only from those persons who qualify as candidates therefor in terms of these regulations.

(7) The Director-General may cancel the entry of any full-time pupil if such candidate, after his entry has been accepted in terms of subregulation (6)—

(a) is suspended as a pupil from any school in terms of the Act due to misconduct or is expelled from the school concerned; or

(b) for whatever reason ceases to be a full-time pupil of the school concerned.

(8) The Director-General shall issue to each candidate who qualifies for entry in terms of this regulation and whose entry has been accepted by the Director-General an admission card indicating the candidate's examination number.

(9) A candidate shall write the examination for which his entry has been accepted in terms of subregulation (6) at such centre as the Director-General may determine.

(10) An invigilator at an examination centre may refuse any candidate admission to the examination room if such candidate can not produce the admission card referred to in subregulation (8) as proof of the validity of his entry.

Examination rules and examination instructions

14. (1) Any candidate shall strictly adhere to the examination rules which the Director-General may issue in terms of subregulation (2) as well as to any examination instruction referred to in regulation 11 (2) which the Director-General may make known to him through the invigilator.

(2) The Director-General may issue rules (in these regulations referred to as "examination rules") to a candidate in connection with the writing of an examination and such rules may refer to—

- (a) matters referred to in these regulations;
- (b) the execution of instructions of the invigilator;
- (c) times to report for an examination;
- (d) late reporting in the examination room;
- (e) objects which may be taken into the examination room;
- (f) the identification of a candidate and proof of entry for the examination; and
- (g) any other examination matter which the Director-General may deem necessary.

(3) 'n Voornemende private kandidaat skryf vir 'n eksamen in by die hoofopsiener van 'n eksamensentrum vir private kandidate wat as sodanig deur die Direkteur-generaal goedgekeur is.

(4) 'n Heeltydse leerling wat as kandidaat wil inskryf vir 'n eksamen wat afgeneem word kragtens artikel 35 (5) van die Wet, kwalifiseer vir inskrywing vir sodanige eksamen indien sy naam in die toelatingsregister van die skool verskyn en hy op die datum bedoel in subregulasie (1) ingeskryf is vir die betrokke standerd of kursus.

(5) (a) 'n Private kandidaat kwalifiseer nie vir inskrywing vir die standerd agt-eksamen nie tensy hy bewys lewer dat hy minstens die standerd vyf-eksamensertifikaat verwerf het.

(b) 'n Private kandidaat kwalifiseer nie vir inskrywing vir die standerd 10-eksamen nie tensy hy bewys lewer dat hy die standerd agt-eksamensertifikaat verwerf het.

(6) Die Direkteur-generaal aanvaar inskrywings vir die betrokke eksamens net van dié persone wat ingevolge hierdie regulasie as kandidate daarvoor kwalifiseer.

(7) Die Direkteur-generaal kan die inskrywing van 'n heeltydse leerling kanselleer indien die kandidaat, nadat sy inskrywing ingevolge subregulasie (6) aanvaar is—

(a) ingevolge die Wet weens wangedrag as leerling van 'n skool geskors of uit die betrokke skool ontslaan word; of

(b) om watter rede ook al ophou om 'n heeltydse leerling van die betrokke skool te wees.

(8) Die Direkteur-generaal reik aan elke kandidaat wat ooreenkomsdig hierdie regulasie vir inskrywing kwalifiseer, en wie se inskrywing deur die Direkteur-generaal aanvaar is, 'n toelatingskaart uit wat die kandidaat se eksamennummer toon.

(9) 'n Kandidaat skryf die eksamen waarvoor sy inskrywing ingevolge subregulasie (6) aanvaar is, by die sentrum wat die Direkteur-generaal bepaal.

(10) 'n Opsiener by 'n eksamensentrum kan 'n kandidaat toelating tot 'n eksamenlokaal weier indien sodanige kandidaat nie die toelatingskaart bedoel in subregulasie (8) as bewys van die geldigheid van sy inskrywing kan toon nie.

Eksamensreëls en -instruksies

14. (1) 'n Kandidaat moet die eksamenreëls wat die Direkteur-generaal ingevolge subregulasie (2) uitrek asook enige eksameninstruksie bedoel in regulasie 11 (2) wat die Direkteur-generaal deur middel van die opsiener aan hom bekend maak, stiptelik nakom.

(2) Die Direkteur-generaal kan reëls (in hierdie regulasies "eksamensreëls" genoem) in verband met die skryf van 'n eksamen aan 'n kandidaat uitrek, en sodanige reëls kan betrekking hê op—

- (a) aangeleenthede in hierdie regulasies vermeld;
- (b) die uitvoering van opdragte van die opsiener;
- (c) tye van aanmelding vir 'n eksamen;
- (d) laat aanmelding in die eksamenkamer;
- (e) voorwerpe wat in die eksamenkamer ingebring mag word;
- (f) die identifikasie van 'n kandidaat en bewys van inskrywing vir die eksamen; en
- (g) enige ander eksamenaangeleenthed wat die Direkteur-generaal nodig ag.

Absence owing to illness

15. (1) A candidate who, owing to illness, is prevented from writing an examination or any paper of such examination shall inform the chief invigilator or have him informed, in writing, of such illness before the start of the examination.

(2) The Director-General may refund to a candidate referred to in subregulation (1) the examination entry fee paid by him or such part thereof as the Director-General, with the concurrence of the Treasury, may determine: Provided that such candidate shall through the chief invigilator concerned submit an application for a refund of the examination fees referred to the Director-General not later than 30 days after the date on which the results of the examination were made known: Provided further that such application shall be substantiated by a certificate issued by a registered medical practitioner or dentist before the date on which the last paper of the examination concerned was written.

Opening of sealed envelopes containing examination papers and prohibition on unauthorised persons in examination room

16. (1) No person except the chief invigilator referred to in regulation 11 (1), or an invigilator by direction of the chief invigilator, shall open the sealed envelope containing the examination papers and the chief invigilator or the invigilator referred to shall open it only on the date and time fixed in terms of regulation 12 for the examination paper concerned in the presence of candidates in the examination room.

(2) No person, except the invigilators, the candidates for the examination concerned or any person authorised thereto by the Director-General shall be permitted in the examination room during the time fixed for the examination.

Irregularities by candidates

17. (1) If any candidate—

(a) unless otherwise provided by an authorised person for an examination, takes into the examination room or has in his possession while he is in the room, any book, memorandum, notes, card or other document or paper other than such as may be supplied to him by the invigilator, his admission card and identification document; or

(b) in any irregular manner helps or attempts to help another candidate, obtains or attempts to obtain help or communicates or attempts to communicate with any person (except the invigilator); or

(c) disregards the examination rules or examination instructions referred to in regulation 14 (1) [except those regarding a matter referred to in paragraphs (a) and (b)] and, after being warned by the invigilator, continues to disregard the rules and regulations referred to; or

(d) creates a disturbance in an examination room or behaves in an improper or unbecoming manner and refuses, after being warned by the invigilator, to stop the causing of the disturbance or his improper or unbecoming behaviour; or

(e) disregards the arrangements of the invigilator and, after being warned by the invigilator, continues to disregard the arrangements referred to;

the invigilator shall immediately bring such irregularity to the notice of the chief invigilator and the chief invigilator may, after he has confronted the candidate concerned with the alleged irregularity and has afforded

Afwesigheid weens siekte

15. (1) 'n Kandidat wat weens siekte verhinder word om 'n eksamen, of enige vraestel van sodanige eksamen, te skryf, moet die hoofopsiener skriftelik voor die aanvang van die eksamen van sodanige siekte in kennis stel of laat stel.

(2) Die Direkteur-generaal kan aan 'n kandidaat bedoel in subregulasie (1) die eksameninskrywingsgeld wat hy betaal het of die gedeelte daarvan wat die Direkteur-generaal met die instemming van die Tesourerie bepaal, terugbetaal: Met dien verstande dat sodanige kandidaat deur die betrokke hoofopsiener 'n aansoek om terugbetaling van bedoelde eksamengeld nie later nie as 30 dae na die datum waarop die uitslag van die eksamen bekend gemaak is, by die Direkteur-generaal moet indien: Met dien verstande voorts dat sodanige aansoek gestaaf moet word deur 'n sertifikaat uitgereik deur 'n geregistreerde mediese praktisyn of tandarts voor die datum waarop die laaste vraestel vir 'die betrokke eksamen geskryf is.

Oopmaak van verseë尔de koeverte met eksamenvraestelle, en verbod op ongemagtige persone in eksamenkamer

16. (1) Niemand, behalwe die hoofopsiener bedoel in regulasie 11 (1), of 'n opsiener in opdrag van die hoofopsiener, mag die verseë尔de koevert wat die eksamenvraestelle bevat, oopmaak nie, en bedoelde hoofopsiener of opsiener maak dit net op die datum en tyd wat ingevolge regulasie 12 vir die betrokke eksamenvraestel bepaal is, in teenwoordigheid van kandidate in die eksamenkamer oop.

(2) Niemand, uitgesonderd die opsieners, die kandidate vir die betrokke eksamen of 'n beample deur die Direkteur-generaal daartoe gemagtig, word tydens die tyd vir die eksamen bepaal in die eksamenkamer toegelaat nie.

Onreëلmatighede deur kandidate

17. (1) Indien 'n kandidaat—

(a) tensy anders vir 'n eksamen deur 'n bevoegde persoon bepaal, 'n boek, memorandum, aantekening, kaart of ander dokument of papier, uitgesonderd dié wat die opsiener aan hom verskaf, sy toelatingskaart en sy identiteitsdokument, in die eksamenkamer inneem of in sy besit het terwyl hy in die kamer is; of

(b) op 'n onreëلmatige wyse 'n ander kandidaat help of poog om te help, hulp verkry of poog om hulp te verskry, met 'n ander persoon (uitgesonderd die opsiener) in verbinding tree of poog om met enige persoon in verbinding te tree; of

(c) die eksamenreëls of -instruksies bedoel in regulasie 14 (1) [behalwe dié wat op 'n aangeleenthed bedoel in paragrawe (a) en (b) betrekking het] verontagsaam en, nadat hy deur die opsiener gewaarsku is, voortgaan om bedoelde reëls of instruksies te verontagsaam; of

(d) in 'n eksamenkamer 'n steurnis veroorsaak of hom op 'n onbehoorlike of onbetaamlike wyse gedra en weier om, nadat hy deur die opsiener gewaarsku is, die veroorsaking van die steurnis of sy onbehoorlike of onbetaamlike gedrag te staak; of

(e) die reëlings van die opsiener verontagsaam en nadat hy deur die opsiener gewaarsku is, voortgaan om bedoelde reëlings te verontagsaam;

moet die opsiener sodanige onreëلmatigheid onmiddellik onder die aandag van die hoofopsiener bring en die hoofopsiener kan, nadat hy die betrokke kandidaat met die beweerde onreëلmatigheid gekonfronteer het en

him the opportunity to present his side of the case in writing, or verbally, in the presence of an invigilator or other witness—

- (i) expel the candidate from the examination room;
- (ii) confiscate the candidate's script; or
- (iii) permit the candidate to continue with the examination;

and the chief invigilator shall, immediately after the examination, submit a complete report, together with the candidate's written statement (or, in the case of a verbal statement, the chief invigilator's written version thereof) and any other evidence regarding the matter, to the Director-General.

(2) Should the Director-General be of the opinion that a candidate or group of candidates has obtained an unfair advantage because—

- (a) the contents of a question paper for which a candidate or group of candidates has entered have become known to him or them prior to the date and time on which the examination is conducted; or
- (b) any of the provisions of subregulation (1) has been contravened; or
- (c) another person pretended to be the candidate concerned at the examination; or
- (d) some irregularity or other has occurred in connection with the writing of such examination or the handling of a script after such examination has been conducted;

the Director-General may take one or more of the following steps:

- (i) Prohibit the candidate or group of candidates from entering the examination room or from further writing the examination;
- (ii) refuse to recognise the results obtained by the candidate or group of candidates in the examination;
- (iii) refuse any person referred to admission to an examination for such period as the Director-General may determine;
- (iv) instruct that any success in a subject or an examination as a whole with which such candidate has been credited be cancelled; or
- (v) reject the examination script in respect of the subject concerned.

(3) The Director-General may require a candidate or group of candidates referred to in subregulation (1) to rewrite the examination as a whole or in part on such date, time and place as he may determine.

(4) The Director-General may, within three months after the cancellation of any success in terms of subregulation (2), by notice in writing require a person to whom a diploma or certificate has been issued on the grounds of such success to return such diploma or certificate to the Director-General for cancellation within three weeks of such notice for cancellation.

(5) Any person who fails to comply with a notice referred to in subregulation (4) shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding R200 or in default of payment to imprisonment for a period not exceeding six months.

(6) Any person who in connection with an examination—

- (a) corruptly gives or agrees to give or offers any gift or consideration to any other person or corruptly accepts or obtains or agrees to accept or attempts to obtain from any other person for himself or for any other person any gift or consideration as an

in die geleentheid gestel het om sy kant van die saak skriftelik of mondeling in teenwoordigheid van 'n opsiener of 'n ander getui te stel—

- (i) die kandidaat by die eksamenkamer uitsit;
- (ii) op die kandidaat se eksamenantwoordboek beslag lê; of
- (iii) die kandidaat toelaat om met die eksamen voort te gaan;

en moet die hoofopsiener onmiddellik na afloop van die eksamen 'n volledige verslag tesame met die kandidaat se skriftelike verklaring (of, in die geval van 'n mondelinge verklaring, die skriftelike weergawe daarvan van die hoofopsiener) en enige ander bewyssuk oor die aangeleentheid aan die Direkteur-generaal voorlê.

(2) Indien die Direkteur-generaal van mening is dat 'n kandidaat of groep kandidate onregmatige voordeel verkry het deurdat—

- (a) die inhoud van 'n vraestel waarvoor die kandidaat of groep kandidate ingeskryf is, op die een of ander wyse aan hom of hulle bekend geword het voor die datum en tyd waarop die eksamen afgeneem word; of
- (b) enige bepaling van subregulasie (1) oortree is; of
- (c) 'n ander persoon hom by die eksamen as bedoelde kandidaat voorgedoen het; of
- (d) die een of ander onreëlmatigheid in verband met die skryf van 'n eksamen of behandeling van 'n antwoordboek na afloop van 'n eksamen voorgekom het;

kan die Direkteur-generaal een of meer van die volgende stappe doen:

- (i) Die kandidaat of groep kandidate verbied om die eksamenkamer te betree of om verder eksamen te skryf;
- (ii) weier om die punte deur die kandidaat of groep kandidate in die eksamen behaal, te erken;
- (iii) die betrokke persoon toelating tot 'n eksamen weier vir die tydperk wat die Direkteur-generaal bepaal;
- (iv) gelas dat enige sukses in 'n vak of 'n eksamen in sy geheel waarmee die kandidaat gekrediteer is, ingetrek word; of
- (v) die eksamenantwoordboek ten opsigte van die betrokke vak verwerp.

(3) Die Direkteur-generaal kan vereis dat 'n kandidaat of groep kandidate bedoel in subregulasie (1) die eksamen in die geheel of gedeeltelik herhaal op 'n datum, tyd en plek wat hy bepaal.

(4) Die Direkteur-generaal kan binne drie maande na die intrekking van enige sukses ingevolge subregulasie (2) die betrokke persoon aan wie 'n diploma of sertifikaat op grond van sodanige sukses uitgereik is, by skriftelike kennisgewing aansê om dié diploma of sertifikaat binne drie weke na bedoelde kennisgewing aan die Direkteur-generaal vir rojering terug te besorg.

(5) Iemand wat versuim om aan 'n kennisgewing bedoel in subregulasie (4) te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R200 of by wanbetaling met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande.

(6) Iemand wat in verband met 'n eksamen—

- (a) op korrupte wyse 'n geskenk of vergoeding gee of toestem of aanbied om dit te gee aan iemand anders, of op 'n korrupte wyse van iemand anders 'n geskenk of vergoeding aanneem of verkry of toestem om dit aan te neem of poog om dit te verkry vir homself of vir iemand anders, as aansporing of

inducement or reward for the commission of any act calculated to obtain for or confer upon any candidate any unfair advantage; or

(b) commits any act calculated to obtain for or confer upon any candidate any unfair advantage;

shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding R500 or in default of payment to imprisonment for a period not exceeding 12 months.

Consequences of suspension or expulsion from a school

18. (1) If a pupil who is a candidate in terms of the Act, is suspended or expelled from a school on account of misconduct after the examination has begun, the Director-General may take one or more of the following steps:

(a) Refuse to recognise the results obtained by the candidate in the examination; or

(b) prohibit the candidate from further writing the examination; or

(c) instruct that any success in any subject or examination with which the candidate was credited at such examination be cancelled.

(2) Subregulation (1) shall also apply to a candidate referred to in regulation 13 (7) whose entry has not been cancelled before the beginning of the examination.

Irregular possession of examination papers

19. (1) Unless specifically otherwise provided in these regulations, no person shall, prior to the date determined in terms of regulation 12 for the question paper concerned, have in his possession, buy, sell, reproduce or in whatever way copy or have copies made of the question paper referred to.

(2) Any person who contravenes the provisions of subregulation (1) shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding R500 or in default of payment to imprisonment for a period not exceeding 12 months.

Examination scripts

20. (1) An examination script shall be the property of the Department and shall be put at the disposal of a candidate only during the period determined for the examination paper concerned.

(2) Examination scripts shall be kept by the Department for a period of at least 90 days after the results of the examination concerned were made available.

Re-marking of examination scripts

21. (1) Any candidate who fails a written examination or does not achieve the required standard or is of the opinion that he should have achieved a higher symbol in a subject, may apply to the Director-General for—

(a) have his examination scripts re-marked; or

(b) have his marks for a separate subject or subjects as well as his total marks verified.

(2) A decision by the Director-General after consideration of an application referred to in subregulation (1) in respect of the question whether a candidate failed or achieved a required standard or symbol shall be final and the Director-General shall not consider any further applications in this regard.

(3) An application referred to in subregulation (1) shall reach the Director-General within 30 days after the examination results are made known and shall be

beloning vir die verrigting van 'n handeling wat bereken is om vir of aan enige kandidaat 'n onregverdigde voordeel te verkry of te verleen; of

(b) 'n handeling verrig wat bereken is om vir of aan 'n kandidaat 'n onregverdigde voordeel te verkry of te verleen;

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R500 of by wanbetaling met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 12 maande.

Gevolge van skorsing of uitsetting uit 'n skool

18. (1) Indien 'n leerling wat 'n kandidaat is, ingevolge die Wet weens wangedrag geskors of uit 'n skool ontslaan is nadat die eksamen 'n aanvang geneem het, kan die Direkteur-generaal een of meer van die volgende stappe doen:

(a) Weier om die punte deur die kandidaat in die eksamen behaal, te erken; of

(b) die kandidaat verbied om verder eksamen te skryf; of

(c) gelas dat enige sukses in 'n vak of 'n eksamen in sy geheel waarmee die kandidaat by sodanige eksamen gekrediteer is, ingetrek word.

(2) Subregulasie (1) is ook van toepassing op 'n kandidaat bedoel in regulasie 13 (7) wie se inskrywing nie voor die aanvang van die eksamen gekanselleer is nie.

Onreëlmatige besit van eksamenvraestelle

19. (1) Behalwe waar dit uitdruklik anders in hierdie regulasies bepaal word, mag niemand voor die datum en tyd wat ingevolge regulasie 12 vir die betrokke vraestel bepaal is, bedoelde vraestel in sy besit hê, dit koop, verkoop, reproduuseer of op welke wyse ook al kopieë daarvan maak of laat maak nie.

(2) Iemand wat die bepalings van subregulasie (1) oortree, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R500 of by wanbetaling met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 12 maande.

Eksamenantwoordboeke

20. (1) 'n Eksamenantwoordboek is die eiendom van die Departement en word alleenlik gedurende die tydperk wat vir die betrokke eksamenvraestel bepaal is, tot beskikking van 'n kandidaat gestel.

(2) Eksamenantwoordboeke moet vir 'n tydperk van minstens 90 dae na die uitslag van die betrokke eksamen deur die Departement bewaar word.

Hernasiën van eksamenantwoordboeke

21. (1) 'n Kandidaat wat in 'n skriftelike eksamen druipt of nie die vereiste standaard behaal het nie of van mening is dat hy 'n hoër simbool in 'n vak behoort te behaal het, kan by die Direkteur-generaal aansoek doen om—

(a) sy eksamenantwoordboeke te laat hernasiën; of
(b) sy punte vir 'n afsonderlike vak of vakke en sy puntetotaal te laat kontroleer.

(2) 'n Beslissing deur die Direkteur-generaal na oorweging van 'n aansoek bedoel in subregulasie (1) ten opsigte van die vraag of 'n kandidaat gedruip of 'n vereiste standaard of simbool behaal het, is finaal en die Direkteur-generaal oorweeg geen verdere aansoeke in dié verband nie.

(3) 'n Aansoek bedoel in subregulasie (1) moet die Direkteur-generaal bereik binne 30 dae nadat die eksamenuitslag bekend gemaak is en moet vergesel

accompanied by the examination fee for re-marking determined in terms of section 35 (6) of the Act.

Diplomas, certificates and statements

22. (1) A diploma or certificate, without any erasure or alteration on it, shall be issued free of charge by the Director-General to any candidate who has complied with all the examination requirements for such diploma or certificate: Provided that a candidate for the standard 10 examination who in the opinion of the Joint Matriculation Board complied with the conditions of exemption from the Matriculation examination, shall pay such fees (if any) for such certificate as the Minister may determine.

(2) No person, except the Director-General or an officer authorised by the Director-General to do so, acting in terms of this regulation, shall issue any diploma, certificate or statement referred to in subregulation (3) which indicates or purports to indicate that a person has passed an examination or successfully completed a course or subject of such an examination.

(3) If the original diploma or certificate is mislaid or destroyed or damaged, the Director-General may on receipt of an application on a form approved by the Director-General, and on payment of an amount determined in terms of section 35 (6) of the Act, state in writing that a person has passed an examination or successfully completed a course or subject of such an examination.

(4) Any diploma or certificate which has been amended or erroneously issued may be reclaimed, confiscated and cancelled by the Director-General.

(5) Any person who contravenes the provisions of subregulation (2), or any person who forges a diploma, certificate or a statement referred to in subregulation (3), shall be guilty of an offence and liable on conviction to fine not exceeding R500 or in default of payment to imprisonment not exceeding 12 months.

gaan van die eksamengeld vir hernasieling wat ingevolge artikel 35 (6) van die Wet bepaal is.

Diplomas, sertifikate en verklarings

22. (1) 'n Diploma of sertifikaat word, sonder enige uitwissing of verandering daarop, kosteloos deur die Direkteur-generaal uitgereik aan 'n kandidaat wat aan al die eksamenvereistes vir dié diploma of sertifikaat voldoen het. Met dien verstande dat 'n kandidaat vir die standerd 10-eksamen wat volgens die oordeel van die Gemeenskaplike Matrikulasiëraad voldoen het aan die voorwaardes van vrystelling van die Matrikulasiëksamens, die gelde (as daar is) vir sodanige sertifikaat moet betaal wat die Minister bepaal.

(2) Niemand, behalwe die Direkteur-generaal of 'n beampie deur die Direkteur-generaal daartoe gemagtig, wat kragtens hierdie regulasie handel, mag 'n diploma, sertifikaat of 'n verklaring bedoel in subregulasië (3), uitrek wat aandui of heet aan te dui dat iemand in 'n eksamen geslaag of 'n kursus of vak van so 'n eksamen met goeie gevolg afgelê het nie.

